

Sondag 20 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 4:27-42

Fokusgedeelte: Johannes 4:34, 41, 42

Leef uit die doen van God se wil!

Jesus was ongetwyfeld honger en dors toe Hy met die Samaritaanse vrou sowel as sy dissipels gepraat het. Hy was ware mens. Hy het hierdie geleentheid gebruik om nie bloot net fisiese behoeftes te bevredig nie, maar om ander te onderrig.

Wanneer Jesus met sy dissipels praat, praat Hy van voedsel wat Hy moes eet waarvan hulle nie geweet het nie. Die dissipels was verward. Hulle het gewonder waar Hy dan die voedsel sou kon kry? Maar dan leer Hy hulle en Hy sê dat die voedsel wat Hy geëet het, dit waaruit Hy krag kry, die doen van sy Vader se wil is. Hy het uit die missie wat sy Vader aan Hom gegee het, geleef. Gehoorsaamheid aan God die Vader wat die redding van sy volk verseker. Hy het daarvoor geleef om jou en my te red! Die Here Jesus het gesê dat sy voedsel die wil van God was. Hy moes sterf. Dit was vir Hom belangriker as brood. Dit het aan Hom meer vreugde verskaf as enigeiets anders.

Jesus se ywer en sy passie was om alles te doen waarvoor die Vader Hom gestuur het! Net Jesus, ware mens maar ook ware God, het so 'n perfekte passie gehad, en daarom het jy en ek Hom as Verlosser nodig. Maar jy en ek is ook geroep om die Vader se wil te doen. Ook vir ons moet dit die voedsel wees waarin ons ons vreugde moet kry. Kom ons vra Hom vandag om ons te lei om ook ons vreugde te vind deur sy geboorte na te kom.

Sing: Psalm 19-1:7

Ds. HJ Coetzee (Herman) (Amanzimtoti)